# Biblioterapie (© Carika Visagie)

**Die gebruik van 'n jeugboek om 'n leerder met probleme te help**

Eerstens moet daar gekyk word na die eienskappe en die groot veranderinge wat plaas vind by leerders vanaf graad 4 tot 9.

Daar vind groot veranderinge plaas in hulle intellektuele (wil die regte antwoord weet), psigologiese (betekens en idees raak abstrak), sosiale (raak bewus van mekaar en vergelyk mekaar dmv kompetisie) geestelike en fisiese ontwikkeling (neem deel aan sport en groei tot 'n adolessent). Hulle ontwikkel denkvaardighede en kan meer abstrak redeneer. Die gebruik van taal, mondeling en skriftelik, help leerders om hulle denke te verhelder en om hulle waarnemings te rapporteer terwyl hulle hul idees vorm en toets. Hulle ondersoek, bespreek en toets waardes en konsepte, veral tussen makkers. Deur die aanvaarding en toepassing van sulke waardes en konsepte kan sterkte van rede en gees ontwikkel word.

Leerders in hierdie fase kan kinders in oorgang genoem word: hulle is rusteloos, energiek, reageer op groepsdruk en is onseker oor hulleself. Selfbewustheid is 'n fasekenmerk en nuuskierigheid kom dikwels voor in vrae soos: *Wie is ek? Waar pas ek in? Wat geniet ek om te doen? Wat wil ek wees?* Uit hierdie warboel kom 'n indiwidu te voorskyn met ontwikkelde houdings en denkpatrone. In die oorgang na volwassenheid, vorm leerders lewenslange waardes en vaardighede.

Alle leerders het sekere aangebore kenmerke soos: die verwerking van inligting; soek oplossings vir probleme; nuuskierig, ondersoekend en manipulerend asook 'n behoefte aan betekenis, samehang en relevansie.

Die leerder sal beter vaar en beter dink in 'n geborge omgewing waarin hy/sy vry voel om idees te verken, vrae te vra, idees te bespreek en foute te maak. Deur te luister na leerders en hulle aan te moedig om na mekaar te luister, kan 'n mens 'n atmosfeer van onderlinge vertroue en respek skep.

Die keuse van die boek wat ek sal behandel, individueel met 'n leerder wat probleme ervaar, is ***Vlerkdans* (1992) deur Barry Hough**. Leerders se individuele behoeftes verskil te veel en daarom is dit minder effektief om die boek terapeuties gelyktydig met die hele klas te bahandel. Die hele idee is dat die kind uiteindelik sy eie probleem kan verstaan, 'n luisteraar en vertroueling kan vind wat hom help, die boek as hulpbron en empatie-gewer ervaar, en in die heelwordproses en ook sy eie rol raaksien en proaktief daaroor begin reflekteer.

Die boek bied verskeie temas en areas van worstelinge van jongmense. Daar is baie geleentheid vir assosiasie aangesien die konteks so wyd aangebied word.Vigs word uiteindelik die roerendste tema. Ek

dink die boek is uiters veelsydig vir die eisie van die moderne samelewing. Byna elke tiener sal iewers aanklank vind. Ek dink dat enige leerder se probleem aangespreek kan word deur hierdie verhaal juis omdat dit soveel aspekte aanspreek. Daar is veelvuldige geleentheid vir identifikasie, projeksie, modellering en selfinsig.

- **Persoonlikheid ontwikkeling: Indiviualiteit en die kunstige siele**

Hannes is in kunsskool. Hy is talentvol en anders. Eers wanneer hy onder die invloed van ‘n vriend ‘n oorbel laat inskiet, voel hy soos ‘n regte kunstenaar. Maar hoe belangrik is die fisiese voorkoms dan? Hoe vergelyk ware karakter daarteen? En wie kan die ware kunstenaar dan beïnvloed?

- **Naaktheid in kuns**

Hannes kry vir die eerste keer sy eie model. Sy ma is ook ‘n kunstenaar, maar haar modelle is vet, vol plooie en velle en dit lyk asof die lewe aan hulle gevat het. Hannes ontmoet egter vir Anton in die gym, ‘n balletdanser, en hy is Hannes se eerste model. Later gaan bestudeer Hannes ook die skelet in die biologieklas om die bene beter te kan sien soos hulle onder die vel lyk. Hannes kry later ‘n ampere obsessie met sy model, wat sy beste vriend word, se lyf.

- **Platoniese vriendskap tussen meisie en seun**

Erika en Hannes is die twee talenvolste in die kunsklas. Hulle is platoniese vriende, maar dit lyk asof hul gevoelens teenoor mekaar verskil:
Hannes: “Is jy al weer deperaat op soek na ‘n ou?”
Erika: “Wat bedoel jy ál wéér? Nog steeds. As iets nie gou gebeur nie, sal ek moet settle vir jou”.
Hannes: “Ons kan nie so ‘n goeie vriendskap bederf met... seks nie”
Erika: “Dis al waaraan julle mans dink. Wat het geword van... liefde?”

- **Meisie gefrustreerd oor gewig**

Erika sukkel gedurig met haar eetlus. Sy ooreet gedurig. Dan vra sy vir Hannes om haar dop te hou en te motiveer.

- **Ballet: mag ouens dit doen? Wat is manlik?**

Anton (Hannes se model vir sy naakstudies) is ‘n uitmuntende balletdanser. Selfs ‘n vorige skoolhoof het hom al egter uitgetrap daaroor en aangedring dat hy eerder rugby soos alle seuns moet speel. Nadat die skoolhoof hom so verneder en verwerp, haal sy pa vir Anton uit daardie skool. Hy volg sy drome en wil oorsee gaan dans in New York en Europa.

- **Vermoëns word oorskadu en verberg deur talentvolle familielid of vriend**

Hannes se ma se naam is sinoniem met Maggie Loubsher en Irma Stern, maar Hannes se kuns

onderwyser verseker hom dat ondanks die skaduwee hy talent het en dat hy “sy eie ding kan doen”. Uiteindelik word dit bevestig deur erkenning vanaf sy ma asook ‘n geleentheid waar sy eie werk geskied word op by dieselfde prestige tentoonstelling te verskyn as sy ma s’n.

• **Enkelouergesin**

Hannes se ouers is geskei. Hulle speel verskeie rolle. Hannes word ‘n amperse vaderfiguur vir sy sussie

- hy speel (teken) elke aand vir haar ‘n movie. Dis ook moeilik vir Hannes se ma wanneer hulle die pa eenkeer by die lughawe gaan oplaai: sy vrees sy lyk slonserig teenoor die nuwe vrou.

• **Gebroke gesin: Pa verlaat die huis en trou met ‘n jong poppie**

Dit is vir die kinders verskriklik om die antwoordmasjien te hoor van hul vervreemde pa : “Hallo. U het die tuiste van Hannes en Estelle Bezuidenhout geskakel” Dis vir hulle moeilik om te aanvaar dat daar nou ‘n vreemde vrou by hul pa is.

• **Klim uit die kas: Homoseksueel?**

Hannes se pa konfronteer hom oor die obsessie met sy model, sy lyf, die fotos, die spiere, sy dansery, die lyne, ens. Hy vra aan hom of Anton nét ‘n vriend vir hom was. Dit is baie traumaties vir Hannes. Dan raak hy ontsteld en kwaad en vra: “Hoekom vra Pa nie reguit nie. Of hy gay is? En ek!” In sy binneste skree dit : “Waar was jy! Toe ek jou nodig gehad het! As ek gay is, wie se skuld is dit?” Dan storm Hannes by die hotelkamer uit en hardloop in Johannesburg se strate af. Hy is bang vir verwerping, soek dringend aanvaarding en is kwaad dat sy pa nie ‘n pa vir hom was nie.

• **Vigs:**

Anton, Hannes se beste vriend, het vigs opgedoen nadat hy jare terug spuitnaalde van dwelms gedeel het. Nou is Anton ernstig siek. Sy dansdrome lê aan skerwe. Hy sak in mekaar na sy laaste vertoning. Dan verswak hy dramaties in die hospitaal totdat hy net veel en been is. Hy word gekonfronteer met die dood. Hy dink aan dinge wat hy nog altyd wou doen en weet hy sal dit nooit kan doen nie. Sy meisie verwerp hom omdat hy vigs het en “vuil” is. Hannes en Erika bied hom volgehoue ondersteuning. Dan belet Erika se pa haar om die sterwende vigs pasiënt te besoek aangesien dit ‘n skande is. Nadat Anton sterf, moet Hannes sy dood verwerk. Dis traumaties.

• **Herstel die band met ‘n afwesige ouer:**

Hannes se pa maak dit duidelik dat hy spesiaal onmiddelik vanaf Kaapstad gevlieg het om vir Hannes te sien omdat hy omgee. Hy vra onverskoning dat hy ongevoelig was en bied aanvaarding. Hy maak dit duidelik dat hy nie gekom het vir Hannes se vigs-vriend nie (daar’s elk geval niks wat hy vir die seun kan doen nie), maar vir Hannes. Dit is ‘n emosionele gebeurtenis vir beide.

• **Volg drome en talente:**

Hannes smaak sukses wanneer sy uitstekende werk by dieselfde uitstalling as sy ma s'n uitgestal word. Iemand wil dit by hom koop. Dis die begin van 'n suksesvolle loopbaan. Sy naam word gevestig.

Dis baie indrukwekkend dat die heel laaste sin in die boek sê:

"Ek haal my oorbel af en laat val dit in my sak" Noudat hy bevredigende sukses gesmaak het, is hy selfversekerd in sy karakter en het nie 'n oorbeel nodig om te bewys dat hy anders en kunstig is nie.

Die situasie en emosionle parallelle tussen die leerder en die boek moet geïdentifiseer word. Hoe groter die ooreenkomste tussen die kind en die verhaal, hoe effektiewer kan dit toegepas word.

Daar moet gekyk word met watter spesifieke karakter die kind die meeste kan identifiseer en kan verpersoonlik. Verder moet die karakter volgens die kind se keuse, se gevoelens ontleed word deur beide die kind en die terapeut.

Uiteindelik kan gekyk word na die karakter se hanteringsstrategieë. Die leerder verkry insig deur te leer volgens die karakter se keuses en handelinge. Dit laat hom ook voel dat hy nie alleen is nie. Die karakter in die verhaal beleef óók sy probleme (selfs al is dit 'n fiktiewe karakter).

Die leerder kan verder aangemoedig word om dagboekinskrywings te maak; één namens die karakter in die verhaal en 'n ander een namens homself. Op hierdie manier leer hy om sy gevoelens asook die karakter s'n raak te sien, te uiter en te kommunikeer. Uiteindlik sal hy 'n konneksie kan maak tussen die twee.

**Responsteorie**: By hierdie dagboekinskrywings word die leerder se gevoelens ontlok. Die leerder moet self dink oor die gebeure asook oor hulle verwagtinge in die verhaal.

Elke leerder met 'n eie persoonlikheid , verwysingsraamwerk en verwagtingshorison. Dit is unieke behoeftes, herinneringe en ervarings wat na vore kom. Die leerder maak dus sy eie afleidings en voorspellings.

Die onderwyser moet goed luister en nie afkraak of eie menings afdwing nie. Die leerder het die reg tot 'n vrye spontane uitdrukking van idees en interpretasies.

Die leerder se verbeelding maak dit vir hom moontlik om deel te hê aan behoeftes en aspirasies van karakters. Die leerder kom tot nuwe insigte op emosionele en intellektuele wyse en ontwikkel simpatie en empatie met ander.

Verbeelding is ‘n sosiaal-aanvaarbare uitlaatklep vir spanning en drifte en is ‘n manier van ontvlugting.

Die teks raak etiese waardes aan en spreek die etiese probleme aan (reg, verkeerd, boos, kwaad, goed) Leerders ontwikkel ‘n besinnende benadering tot menslike gedrag. Daardeur maak hulle kennis met ‘n wye reeks waardes en kulture om ‘n eie persoonlike lewensfilosofie op te bou.

**Hoe skakel so ’n benadering met UGO?**

In ons hedendaagse tyd word die tradisionele klaskamer anders benader. In die tradisionele klaskamer het die leerkrag sentraal gestaan. Hierdie metodes, wat hoofsaaklik op voordrag van kennis gebasseer is, is oorbenut. Die leerkrag doen dikwels nie genoeg voorbereiding nie, fokus te veel op die leerinhoud, wissel metodes te min af, en gevolglik raak leerders passief.

Uitkomsgebaseerde onderwys lê egter klem op bepaalde funksies aan die onderwys, om bogenoemde gapings te oorbrug:

- Daar moet voorsien word aan die leerder se behoeftes deur middel van ’n verskeidenheid onderrig-, leer- en evalueringstrategieë.
- Opvoeders tree nou in as Fasiliteerders, en nie meer as die Bron van alle kennis nie.
- Bespreking en debat moet aangemoedig word in die klaskamer.
- ’n Atmosfeer wat selfvertroue sal bevorder vir kritiese vrae, uitdaging, ontdekking, argumentering en reflektering moet geskep word.
- Onderrigleergebeur moet so ontwerp word, dat daar ’n voortdurende proses van reflektering en analise is, en dat dit op die bevrediging van die leerder se behoeftes konsentreer.
- Die leerkrag moet bereid wees om sy benadering aan te pas en te verander.
- Die leerders moet gehelp word met die verwerking, integrasie en betekenisgewing van kennis : om ooreenkomste raak te sien; raamwerke te ontwerp; om visuele voorstellings te ontwikkel; om geheuekaarte op te stel; te kan vergelyk, klassifiseer en te abstraheer.
- Die leerders moet gehelp word om hul kennis en vaardighede te gebruik, deur leerervarings te skep waar hulle besluite neem, probleme oplos, mekaar te onderrig, produkte te skep , kritiek te kan lewer/verdedig, en voorstellings te kan maak.
- Belangrike vrae wat die opvoeder vir elke leereenheid moet oorweeg, is: Wat weet die leerder reeds? Waarvoor is hy gereed? Wat is die leerder se behoeftes? Oor watter natuurlike talente beskik die leerder?
- Die leerder moet nou nie meer tot die klaskamer beperk word nie. Leer moet deur middel van ’n verskeidenheid ervaringe plaas vind, binne , sowel as buite die klaskamer.
- Die optrede teenoor die leerder behoort op die TOTALE mens gerig wees. Die leerder moet buite sy rol in die klaskamer, ook as deel van ’n gesin en ’n gemeenskap geskou word.
- Die skool moet met die alledaagse lewe verbind word. Dit moet dus relevant raak.

- Die klem behoort te val op hoe leer benut word, en hoe vaardighede van die een situasie na die volgende oorgedra word.
- Die klaskamer word anders gerangskik om groepwerk en koöperatiewe leer te fasiliteer.  Die rooster moet meer buigsaam wees, want tyd is die veranderlike, terwyl leer leer die konstante is.
- Die VORIGE ERVARING van die leerder word ook in ag geneem.
- Die evaluering moet deurlopend, formatief en outentiek wees.Die skool se taak word; Die bevordering van sukses.
- Daar moet 'n positiewe houding gehandhaaf word. Leerkrag behoort optimisties te wees oor die leerder. Alle leerders het talente en almal kan sukses behaal.
- Daar word ook klem gelê op VERANTWOORDELIKE leerders. Die foute wat hulle begaan is deel van die leer.

*Die ontwikkeling van uitkomsgebaseerde onderwys is goed, maar moet nog verder bevorder word, en geïmplimenteer word. Op die huidige stadium is dit grotendeels teoreties. In kort kan die uitkomsgebaseerde benadering tot onderwys beskryf word as 'n* ***leerdergesentreerde benadering*** *waartydens daar gefokus word op die resultate (uitkomste) wat aan die einde van die* ***leerproses*** *verwag word. Die prosesse wat leerders tot hierdie eindpunt moet bring fokus op HOE daar geleer word, nie net WAT geleer word nie. Daar word dikwels klem gelê op lewensvaardighede en die konteks waarin dit aangewend word om leerlinge in staat te stel om holisties binne die breë gemeenskap te funksioneer en om effektiewe bydraes te maak.  Saam met hierdie lewensvaardighede kan ons afrikaanse onderrig plaas om sodoende die leerders te help om effektief te funksioneer binne ons multikulturele samelewing. UGO strewe daarna om alle leerders in staat te stel om tot hul maksimum vermoë te presteer.*